Die Burger.

„KERKGEBOUWE VIR SUIDAFRIKA" (deur Gerard Moerdijk, Bouwkundige, Bus 6614, Johannesburg).

Die pragtigste kerkgebouwe en die deftigste sale is baie keer die nutteloosste vir hoorders en die pijnlikste vir sprekers. En wat 'n sonde tog, ne, om reusesomme gelds te spandeer aan die daarsteliing van 'n gebouw wat net mooi maar nie dienstig is nie. Ek het dit hier oor die gebrekkige van die akoestiek (klank). Die gebrek is toe te skrijwe aan onoordeelkundigheid van die bouwkundige wat met die optrekking van die bouwplan, ens., nie genoeg aandag wij aan die groot vereiste nie, n.l. dat die mense in die kerk almal kom om te hoor wat die redenaar te se het, en dit met die mins moontlike inspanning vir laasgenoemde. In sij beskouwing gee ons jong kunstenaar 'n saakkundige rede vir meergenoemde gebrek en hoe om die gebrek te voorkom. Die boekie, van keurige tekeninge voorsien, met 'n voorwoord van ds. J. D. Kestell en 'n aanbeveling van die beeldhouwer. A. van Wouw, behoort in die besit te wees van elke bouwkommissie wat 'n nuwe kerk of saal wil laat bouw of 'n oue laat vergroot.

MRDK 00027